Herald Sport




# Pretdag by Heilbron Rolbalklub



Erfenisdag - meer bekend as Braaidag was 'n heerlike pretdag by Heilbron Rolbalklub. Die omliggende rolbalklubs soos Kroonstad en Petrus Steyn en vriende sover as Pretoria het saam kom deel aan die pretdag. Voordat dat daar gespeel was, het die spelers eers heerlik pret gehad onder leiding van Hannalie Claassen en Carina Kleynhans. Louwtjie Smit was die beoordeelaar en die dames het geseëvier.

Die dag se spel is gewen deur Ellie van Coller en haar span. Daarna is daar gebraai en gesmul aan al die heerlike slaaie, pap en sous.

Die lede word ook herinner om in te skryf vir die klub kompetisies-enkels, 106 en gemengde pare. Hou die kennisgewingbord dop vir die inskrywingsvorms.

Heilbron Rolbalklub se eerste borgdag vir die seisoen is die 17de November 2018.

## Ons hoor graag van jou

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur jou foto van groot mylpale wat bereik is, in. Ons plaas graag jou foto.
Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, kontak Jolandri binne kantoorure by 058 8523 033.

**heraldnuus@heilbron.co.za**

**Spertyd vir bydraes en advertensies vir die koerant is WOENSDAG om 10:00. Indien u enige nuus het, skakel asseblief vir Jolandri by 079 846 1075.**




# Heilbron duif lewer 'n besondere prestasie

Die wedvlug vanaf Middelburg twee weke gelede was 'n *combine* wedvlug waaraan ±400 duiweboere met hulle ±7 000 duiwe deelgeneem het.

Zenith hokke, alias Dr Piet van Zyl se duif het die wedvlug gewen. 'n Uitsonderlike prestasie. Frik Viviers se duif wat tweede was, het die 34ste plek behaal.

Verlede naweek was die laaste twee wedvlugte vanaf Beaufort-Wes en Drie Susters af. Beaufort-Wes se duiwe is 06:15 gelos en die eerste duif terug op Heilbron was 17:26.57.

**BEAUFORT-WES**
1. Zenith B
2. Zenith A
3. Zenith B
4. Zenith B
5. Zenith B
6. F Viviers
7. F Viviers
8. Zenith B
9. D Els
10. D Els

**DRIE SUSTERS**
1. D Els
2. Zenith A
3. Zenith A
4. F Viviers
5. F Viviers
6. F Viviers
7. Zenith B
8. Zenith A
9. F Viviers
10. D Els





*Op die foto bo: Dr Piet van Zyl, met sy hokbestuurder, Frans en die combine wenner.*

**BKB Louwid NOORD**
**Die komende week se BELANGRIKSTE veilings**

**DINSDAG - 9 OKTOBER 2018**
KLERKSDORP Weeklikse veiling.
Kontak Fanie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling.
Kontak Jan-Hendrik Muller 072 512 2617

**WOENSDAG - 10 OKTOBER 2018**
VILJOENSKROON : NIEKERKSRUST SAVM STOET
80 Geregistreerde SAVM skape
11:00, Niekerksrust, Viljoenskroon
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

**DONDERDAG - 11 OKTOBER 2018**
FRANKFORT Weeklikse veiling tesame met
RIAAN VAN HEERDEN BOERDERY
465 Kommersiële vleismerino's
11:00, Royal Auction Centre, Frankfort
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD Weeklikse veiling.
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

**VRYDAG - 12 OKTOBER 2018**
STANDERTON Weeklikse veiling.
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling.
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

BULTFONTEIN : FLIPPIE BLIGNAUT AANTEELVEILING
650 Uitstekende Bonsmara boerbeeste
Sardinia, Bultfontein
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

**SATERDAG - 13 OKTOBER 2018**
POTCHEFSTROOM : DIE HoËVELD NGUNI PROJEK
108 Stoet- & kommersiële beeste
11:00, Potchefstroom Landbou Kollege
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
BKB LOUWID